Vrydag **10 Mei**
**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-6**
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:6 (AFR53)**
**Die helder lig van die evangelie**

"Laat daar lig wees!" (Gen. 1:3). Met een opdrag uit God se mond het die duisternis wat daar voor die skepping was, padgegee "en daar was lig". Met die skepping van lig bring God 'n heerlike begin aan die res van die skepping wat moet volg. Die lewe is onmoontlik sonder God wat die lig gee.

Paulus herroep die skepping van lig as hy skryf aan die gemeente in Korinte. Paulus, soos soveel ander, het ywerig die Woord van God op vele plekke bedien. Nogtans blyk dit of die Woord op soveel plekke nie vrug dra nie. Na die sondeval het duisternis ingekeer waar lig moet wees. Terwyl die ongelowiges onder die lig van die son leef, is hulle blind vir die lig van die evangelie. Hulle ken nie die heerlikheid van Christus nie. In hulle binneste is hulle pikdonker.

Nogtans gee die gelowige nie moed op om in hierdie wêreld aan te hou om die Here se Woord suiwer uit te dra nie (vs 1). As dit wil voorkom of die evangelie nie vrug dra nie, hoef ons nie te dink ons moet dit aanpas om meer aanklank by mense te vind nie (vs 2). Die duisternis hou nie van die lig nie, gee nie om wat jy daarmee doen nie. Duisternis word net op een manier uitgewis: deur die lig. Ons moet gedurig moed hou om "die waarheid aan die lig te bring". Die evangelie bly die evangelie. Christus moet verkondig word, in elke eeu, op elke plek en aan elke generasie. Hy is immers "die lig wat skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie" (Joh. 1:4).

Soos wat God die skepping begin het met die skepping van lig, het Hy ons ook herskep deur die Lig – Jesus Christus. Ons was self verblind en in die donker. Nogtans het Hy "in ons harte geskyn om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God" (vs 6). By die skepping het God gepraat, en daar was lig. Ook vandag praat God deur sy Woord, en daar is lig. Deur die lig van die evangelie dryf Hy die donkerte in ons na buite. Hy verlig ons om dag na dag in sy lig te wandel. Ons leef in sy lig, en daarom gee ons ook nie moed op om dit aan ander te bedien nie.

*Sing: Skrifberyming 14:1-2*

*Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)*